
# DIE BUITER RY SNAGS



Gerrie Radlof

# DIE BUITER RY SNAGS

*deur*

**GERRIE RADLOF**

*Uitgegee deur*:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2021

# Die Buiter Reeks Verhale

Die voorbladskets is ŉ nuwe ontwerpte voorblad, spesiaal geskep om by die Buiter reeks se tema te pas.
Hierdie boek is die eerste uitgawe in e-boek formaat.

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

DIE BUITER RY SNAGS
deur Gerrie Radlof

ISBN 978-1-928498-75-9

Uitgegee deur:
Skatkis Boeke - Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2021)
Boek geredigeer deur Pieter Haasbroek
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

## OPSOMMING

Lees gerus die opwindende verhale van ŉ man wat ’n merkwaardige dubbele lewe gelei het. Hy word die Buiter genoem. Mense sien hom as die rykste edelman aan die Kaap, die oënskynlik ledige en verveelde graaf Jean de Moreaux. Daar is ook die mooi Rossouw-susters, Jacques, Pierre, Phillip en sy getroue staatmaker, Andre. Hierdie paar getroue vriende wat sy identiteit ken en hom nooit sal verraai nie, ken hom as ŉ onverskrokke waaghals wat ’n onuitblusbare regverdigheidsin het. Die publiek sien die geheimsinnige Buiter as ’n hoflike, adellike en kleurryke nagtelike ruiter. Hy is galant en word gevrees deur skurke. Tussen die hoë adellike kringe word hy hoog geag weens sy geld en status.

In die nagtelike ure kom die Buiter uit die skaduwees. Dan het hy ’n swart gewaad en masker oor sy gesig. Op die rug van ’n swart trippelende hings is hy gewapen met ŉ swaard in sy hand, ’n vlymskerp rapier in die skede van sy saalsak en met sy twee pistole gereed in sy lyfband, is hy reg om enige gevaar aan te durf. As jy mooi kyk sal jy teen die hange van Leeuwberg ’n perd rats tussen bosse en struike deur sien vleg en soms meer as een, as die Buiter en sy bende uit is op jag. Hulle word nie gehoor nie en laat hulle ook nie keer nie. Die Buiter is sonder uitsondering op die toneel wanneer onreg gepleeg word en geen booswig ontsnap aan sy waaghalsige metodes van vergelding nie. Soos ŉ moderne Robin Hood beroof hy die oorryk, ydele hoëlui om aan die armes uit te deel of hulle bende gaan herstel onregte wat gepleeg is teenoor minderbevoorregtes.

Dit is die era waar die klap van flitsende swaarde, pistoolskote en die donderende hoewe van talle perde in die nag gereeld gehoor kan word. Waar die gemeenheid en woordelose wreedheid van skurke met hul pofmoue en fluweel kniebroeke gesien kan word. Dit is die tydperk waar die aristokrasie heers en doen net wat hulle wil, tog kom hulle uiterlik voor as galante, buigende here van die Kaap. Wie egter verdruk of veronreg word deur die aristokrasie, moet gehelp word, maak nie saak hoeveel slotte, soldate of klipmure daar in die Buiter se pad is nie. Saam met sy vriende sluip hulle gereeld diep in die nag deur donker gangetjies, uitoorlê en oorrompel saam wagte en stuur hulle selfs die

ewigheid in, as die noodlot dit so beslis. Hulle nagtelike ritte is altyd vol opwindende aksie, avontuur en vele gevare en nie lank nie dan spat die vonke behoorlik.
In hierdie vyfde Buiter verhaal reeks, is die Buiter op die spoor van ’n bende roekelose smokkelaars. ’n Onskuldige man sterf teen die hange van Tafelberg omdat hy te veel weet en ’n jong dames passasier op ’n smokkelboot word hulpeloos op die kus by Saldanha agtergelaat. Die Buiter dring die Kasteel binne en beland daar in meer as een swaardgeveg. Hy beweeg ongesiens tussen linies soldate deur en huiwer selfs nie om op sy swart hings die see in te jaag, toe hy in 'n lokval gelei word nie. Hy stel sy man uiteindelik aan die kaak, maar word gevang en sy ware identiteit raak aan ’n paar skurke bekend. Sou sy rol nou uitgespeel wees en gaan hy met sy lewe moet boet vir wandade wat hy nooit gepleeg het nie?

## UITTREKSEL

“Hy is hierlangs, in die rigting van die klofie.”

Jean de Moreaux tik Rower teen sy sy. Die perd spring teen die hellings uit. Hy koers reg op ’n kol af waar daar ’n opening tussen die fakkels is. ’n Oomblik later is hy tussen die soldate se linie deur, maar noodgedwonge moes hy vir ’n paar oomblikke lank binne die ligkring van die fakkels beweeg.

“Daar hardloop iets tussen die bome!” skreeu ’n soldaat skielik skrikbevange reg bokant hom.

“Jy’s laf, man. Ek kon niks sien nie,” antwoord ’n ander.

Die Buiter draai links en ’n paar tree verder bring hy die hings tot stilstand. Iewers voor hom, nie te ver nie, behoort Herman Gouwer te skuil, indien hy nie reeds aan sy wond beswyk het nie. Sy wakker oë probeer deur die donkerte sien. Sy ore is gespits en hy probeer die geluide tussen die bome onderskei. Links van hom is daar uitroepe en die swaar knarsende voetstappe van die soldate op die klipperige grond. Bokant hom is die suising van die sagte aandwind. Tussen die blare en vlak voor hom, hoor hy meteens die geritsel van ’n droë takkie en die hygende asemhaling van iets of iemand wat vorentoe strompel.

# INHOUD

## Hoofstukke


Hoofstuk 1..........................................................................Bladsy 8

Hoofstuk 2..........................................................................Bladsy 23

Hoofstuk 3..........................................................................Bladsy 37

Hoofstuk 4..........................................................................Bladsy 52

Hoofstuk 5..........................................................................Bladsy 67

Hoofstuk 6..........................................................................Bladsy 82

Hoofstuk 7..........................................................................Bladsy 94

Hoofstuk 8..........................................................................Bladsy 109

Hoofstuk 9..........................................................................Bladsy 125

Hoofstuk 10........................................................................Bladsy 138

# DIE BUITER RY SNAGS
## Hoofstuk 1

“Daar gaan hy, die skurk!” sê Klaas Neethling gedemp en hy skiet ’n straaltjie van die riemtwak se soppies eenkant toe op die plaveiklippe.
“Wie en waar oom?” Jors van Rensburg swaai vinnig om na die ouer man by hom. Van waar hulle teen die dwarsbalk langs die drie vasgemaakte perde leun, kyk hy rond oor die binneplaas van die Kasteel.
“Die graaf De Moreaux,” antwoord ou Klaas afgemete. “Dit is hy wat daar met die trap van die Kat afklim, daardie stoepie daar voor die groot deur. Jy was natuurlik nog nooit in die Kaap nie, dus sal jy hom nie ken nie.”
“Gits oom!” roep Jors uit. “Maar hy is netjies uitgevat. Kyk net die fyngeborduurde krawat, die sykant om die gewrigte, die satyn kniebroek en satyn onderbaadjie. Gits oom, dit is so blou soos ’n koringblom!”
Verstom staar Jors van Rensburg die deftige heer aan. Hy is op ’n plaas gebore en het aan die woeste Oosgrens grootgeword. Dit is die eerste keer dat hy die weelderige kleredrag van die hoëlui in die Kaap sien.
Die graaf De Moreaux stap op sy gemak met die trap af. Voor die luukse-koets met die pragperde wat lewendig rond trippel, wag hy ’n oomblik onderwyl die lakei die leertjie vir hom neerlaat. Hy kyk oor die binneplaas heen, maar dit is asof hy niks raaksien nie. Verveeld lig hy sy hand op en hou dit voor sy mond asof hy wil gaap, maar selfs daarvoor het hy nie die energie nie.
“Die rykste man in die kolonie!” spuug ou Klaas Neethling die woorde uit. “Onderwyl honderde mans en vroue van hul lewe onseker is, rol hy hier in sy weelde. Ek wens hy versmoor daarin!”
“Maar hoekom is hy ’n skurk, oom?”
“Reinhardt de Klerck en sy kliek is almal skurke!” bars ou Klaas weer uit. “Hulle word ryk onderwyl ander sterwe en die goewerneur laat hom deur hulle beïnvloed!”
“O, dan is hy een van die kêrels met wie meneer Beyers hier in die Kaap kom afreken het?”
Klaas Neethling kyk om na die jong man. Hy kyk hom aan asof hy nie

kan verstaan hoekom die vent so onnosel is nie.
“Mertin Beyers is ’n afgevaardigde van die boere op die Oosgrens, Jors,” sê hy met nadruk. “Hy kom met niemand “afreken” nie! Hy kom maar net die mense se klagtes voor die goewerneur lê.”
“Ek het niks bedoel nie, oom Klaas,” antwoord Jors effens verskrik. “Ek het maar net so gesê omdat oom gesê het dat hy ’n skurk is.”
“Hy...” en Klaas Neethling gooi die woord na die koets se kant toe, “hy is ’n skurk omdat hy aan ’n boerenooi verloof is. Willa Rossouw en as jy haar ooit moet sien, kan ek jou maar net sê dat sy die mooiste meisie in die wêreld is. Haar vader was wel ’n skatryk boer hier in die Stellenbosch distrik, maar hy het die minder bevoorregtes se saak op die hart gedra. Hierdie graaf De Moreaux is seker een van die invloedrykste manne in die Kaap. Maar dink jy dat hy ’n vinger sal verroer om sy invloed by die goewerneur te gebruik, sodat daar iets gedoen kan word aan die chaos wat op die Oosgrens heers? Nee, hy en De Klerck is vriende en hulle dink net aan hulle self.”
Die groot koets rol voor hulle verby. Op die koetskis sit die koetsier en die lakei. Albei is in die smaakvolle livrei van die graaf geklee. Hulle kyk bedaard na die twee mans wat by die drie perde staan. Klaas Neethling skiet doelbewus ’n straaltjie pruimsoppies oor die plavei se klippe.
Die koetsier kyk weg en haal sy skouers op. Hy trek aan die leisels om die opreg geteelde diere voor die koets in te hou, onderwyl hulle met ’n swierige draai na die Kasteelpoort ry.
“Daardie twee kêrels lyk na boere of hoe dink jy, Phillip?”
“Dit lyk amper so, Pierre,” antwoord die lakei.
“Ek wonder wat hulle hier soek? Ek sien daar is drie perde.”
“Die derde een is seker binne.”
Die koets rammel deur die massiewe poort. Die wagte staan op aandag en die koetsier en lakei knik vinnig in hul rigting.
“Jy het nie dalk vir Andre weer daar binne gesien nie?” vra Phillip.
“Nee. Dalk is hy al huis toe. Hy het seker maar net probeer vasstel waarheen daardie troepemag netnou vertrek het.”
“Ek wonder self wat nou weer aan die gang is.” Hy laat die leisels liggies op die rûe van die vier perde val en op ’n drafstappie kletter hulle oor die klipstraat in die rigting van Heerengracht.

Op die sagte kussings van die agterste sitplek van die koets, sit die graaf De Moreaux. Hy tuur by die venster uit asof niks in die wêreld hom aangaan nie. Sy ooglede rus swaar oor die bruinerige oë met die staalglans daarin wat dit dikwels heeltemal grys laat voorkom. Sy donker hare is netjies geknip, maar ten spyte van sy formele drag is dit nie gepoeier nie en het hy ook nie 'n pruik op nie. Sy bene is luilekker voor hom uitgesteek en die silwergespes blink op sy skoene, waar hy teen die oorkantste sitplek vasskop.
Die koets ry langs die tuine op. Hier is die luukse wonings van die edellui en hoë amptenare. Weelderige koetse rammel by hom verby. Die insittendes buig beleef en 'n paar van sy intieme kennisse wuif na hom. Met elke groet laat hy sy ken slegs effens laer sak. Sy hande rus in die diep sakke van sy satynbaadjie.
Waar die koets bokant die tuine in die rigting van die Buitengracht na regs draai, kyk die graaf na die groot hoekgebou waar daar 'n paar ligte koetse en kapkarre uitgespan staan. Dit is die woning van De Frey Roux, 'n afgetrede boer van Constantia. In die meeste van die geskille wat die boeregemeenskap met die goewerneur gehad het, het Roux as spreker opgetree en dus is daar in hierdie tyd van ontevredenheid altyd 'n paar besoekers by hom aan te tref.
'n Paar minute later hou die sierlike koets van die graaf De Moreaux stil voor 'n hoë stoep met massiewe pilare daarop. Die graaf se woonhuis hier hoog in Buitengracht is een van die grootste en weelderigste in die Kaap. Vanaf die tuinstoep aan die teenoorgestelde kant van die straat, is daar 'n onoortreflike uitsig oor die stad.
Die lakei spring af en laat die leertjie neer. Die graaf tree doodluiters te voorskyn en gaan stadig met die trap op. Toe hy die boonste treetjies bereik, swaai die groot voordeur oop en 'n deurportier buig laag, onderwyl die meester van die huis binne gaan.
Toe die deur agter hom toegaan, draai die edelman na die portier. Laasgenoemde het orent gekom en hy kyk die man voor hom aan asof hy met 'n gelyke te doen het.
"Wat het jy vasgestel, Andre?" verneem De Moreaux, en in die klank van sy welluidende stem is daar nou nie die minste verveeldheid te bespeur nie.
"Nie veel nie, m'sieur," antwoord Andre, onderwyl hy sy skouers

ophaal en sy grys kop effens skud.
"Ek het ook nie veel uitgerig nie," antwoord De Moreaux. "De Klerck was besig en een van die offisiere kon my nie meer vertel as wat ons reeds weet nie."
"Ja m'sieur. Onder die soldate kon ek maar net weer vasstel dat Herman Gouwer op sig geskiet moet word. Hulle opdrag het eenvoudig gelui dat Gouwer 'n gevaarlike kalant is en dat hy homself tot die dood sal verdedig."
"Wel Andre," sê De Moreaux stadig, "jy sal met my saamstem dat dit bog is. As hierdie Gouwer so gevaarlik is, sou ons tog daarvan geweet het. So 'n karakter het 'n reputasie en die gemeenskap is gewoonlik daarvan bewus voordat hy in hegtenis geneem word. Van Herman Gouwer het niemand egter nog ooit gehoor nie, en skielik ontsnap hy uit die Kasteel en word feitlik die hele leër ontbied om hom op te spoor en sonder meer plat te skiet." Hy skud sy kop onderwyl hy hom omdraai en oor die dik tapyt in die gang na die sitkamer stap. Andre volg hom.
"Sake is besig om hand-uit te ruk," vervolg De Moreaux. "Dit is alles goed en wel dat daar sulke hoë belastings gehef word, dat daar onredelike beperkings op die handel gelê word en dat feitlik die hele ekonomie van die kolonie deur die plaaslike regering se beleid bedreig word, maar as hulle met mense se lewens begin speel, is dit tyd dat..."
"Die Buiter intree?" val Andre hom sag in die rede. Hulle is reeds in die ruim sitkamer en hy het die deur agter hulle toegemaak.
Jean de Moreaux draai om en kyk 'n oomblik lank stil na die ou man.
"Ja Andre," sê hy dan. "Die Buiter en sy getroue bende moet weereens optree. Daardie Reinart de Klerck moet nou vir eens en altyd op sy plek gesit word. Sedert hy met sy kruiperigheid daarin geslaag het om as koloniale sekretaris aangestel te word, word die landsake uit sy kantoor beheer. Daardie pos was nog altyd die belangrikste in die Kolonie, maar in sy hande is dit 'n bedreiging vir vrede.
"Ja, op een na is hy die hoogste amptenaar in die land en die enigste kolonialer in die hele Uitvoerende Raad. Tog is hy verantwoordelik vir alle wandade, want juis omdat hy 'n kind van hierdie land is, verlaat die goewerneur hom heeltemal op sy oordeel. Selfs die tesourier-generaal en prokureur-generaal word deur hom beïnvloed. Alle klagtes wat hulle van die boeregemeenskap of ander burgers ontvang, verwys hulle

eenvoudig na De Klerck. En hy bak en brou na hartelus! In my bestaan as die graaf De Moreaux is ek oënskynlik sy vriend. Ek ken hom dus. Hy het ’n swak karakter, Andre, en hy misbruik sy gesag. Ons moet beslis nou intree en vasstel wat aangaan.”
Andre staan vlak voor sy meester. Daar is ’n bekommerde uitdrukking op sy gesig.
“M’sieur Jean,” sê hy ernstig, “jy het reeds soveel vir die inwoners van hierdie kolonie gedoen. Jy wat ’n uitlander is het hul saak ter harte geneem. Jy...”
“Luister Andre,” val die graaf hom in die rede. “Wat hierdie Herman Gouwer betref, gaan dit nie bloot om ’n mens se lewe nie. Al was dit niks meer nie, sou dit genoeg rede gewees het vir ons om hom te probeer red of om ten minste te verseker dat hy ordentlik verhoor word. Ek waardeer wat jy sê, maar ons is nou burgers van hierdie land en ons het ’n plig teenoor ons medemens. Herman Gouwer weet iets, hy weet iets so belangrik dat De Klerck dit nie durf waag om toe te laat dat hy selfs deur sy soldate gevange geneem word nie. Daarom moet hulle hom dadelik skiet, anders kan hy selfs teenoor hulle praat.
“Besef jy dus van watter waarde dit vir ons sal wees as ons Herman Gouwer in die hande kan kry? Dit kan ons moontlik ’n wapen gee waarmee ons De Klerck in sy roekelose, onverstandige en beslis onregverdige bedeling van gesag kan teëgaan. Stem jy saam, Andre?”
Die ou man het sy kop laat sak. Hy knik nou sonder om iets te sê.
“Dit sal nou-nou skemer wees,” hervat die graaf. “Sê dadelik vir Pierre en Phillip om gereed te wees. En dan moet een van julle m’sieur Jacques gaan roep. Indien moontlik moet julle sorg dat juffrou Willa en juffrou Elmien nie hiervan hoor, voordat ons terug is nie. Maak gou, ou vriend! Ons mag nie toelaat dat Herman Gouwer sterf nie!”
Die portier verlaat die vertrek. Jean de Moreaux draai om en stap na die groot venster aan die oorkantste muur. Hy skuif een van die swaar gordyne terug en staar uit oor die stad, na die Kasteel en die strand daar agter. Hy volg die wit sandstreep soos dit wegbuig in die rigting van Blouberg. Dan kyk hy na die regterkant, na die hange van die statige Tafelberg. Weer dwaal sy oë in ’n wye kring terug na die see toe. Iewers in daardie geweste skuil of vlug Herman Gouwer voor ’n troepemag. Die man sou die stad nie probeer binne dring het nie, tensy hy natuurlik

vriende het. Heel waarskynlik het hy teen die berg probeer uitvlug.
Hy draai om as die deur agter hom oopgaan. Die son is reeds onder, maar in die vertrek is dit nog taamlik lig en soos gewoonlik staan hy stil toe hy die beeldskone Willa Rossouw sien binnekom.
Haar donker hare hang in natuurlike lokke langs haar slape tot in haar nek. Haar bruin oë wys bekommernis en daar is ’n blos van opgewondenheid op haar wange.
Sy kom vinnig tot voor hom en strek haar hande uit en hy neem dit in syne.
“Dan het Andre tog nie daarin geslaag om jou te ontduik nie,” sê hy skertsend.
“Jy lag al weer, Jean!” roep sy verwytend uit. “Waarom moet jy nou weer jou lewe in gevaar gaan stel en dit vir iemand wat jy nie eens ken nie, iemand...”
“Maak dit saak of ek hom ken, Willa? Luister,” sê hy ernstig, onderwyl hy sy arm om haar skouers sit en omdraai sodat hulle albei oor die stad kyk, “hierdie land het jou vir my gegee. Ek sal dus vir ewig die skuldenaar bly. Die mense wat vandag onderdruk word, is jou mense. Ek kan hulle as die graaf De Moreaux nie dien nie, maar as die Buiter het hulle my volle steun en my swaard.”
Vlugtig vertel hy vir haar die omstandighede van Herman Gouwer. Wanneer hy afsluit, skud sy net haar kop.
“Elmien en Jacques is so gelukkig,” sê sy sag. “Klein Wilma is vandag al ses maande oud. Sê nou maar net Jacques moet iets oorkom?”
Hy klop haar liggies op die skouer.
“Kyk Willa!” roep hy saggies uit. “Ek ken jou suster se man van kindsbeen af. Dink jy nou ek sal toelaat dat hy iets oorkom?”
“Daar begin jy al weer die gek te skeer,” antwoord sy, maar blykbaar besef sy reeds dat daar aan sy besluit geen keer is nie.

’n Uur later galop vyf ruiters hoog teen die hange van Leeuwberg in die rigting van Kloofnek. Vooraan is ’n groot swart hings wat tussen die bome in die sterk skemerte, feitlik onsigbaar is. Die ruiter op sy rug is van kop tot tone in swart geklee. Die masker oor sy oë en die noupassende trui en broek laat hom en die dier behoorlik in die skaduwees wegsmelt.

Die vier ruiters agter hom dra soortgelyke monderings. Almal buk laag in hul saals om die oorhangende takke te ontwyk.
Wanneer hulle teen die hange van Tafelberg links draai, hou die voorste ruiter sy arm op. Hulle kom dadelik tot stilstand.
"Ek gaan hiervandaan reguit na Duiwelspiek," sê hy bondig. "Jacques, jy moet maar agterna kom en dan later na die vlakte se kant. Andre, julle drie moet anderkant m'sieur Jacques uitsprei tot op die strand. Onthou, die wêreld wemel van soldate. Bly op hul hakke, maar sorg dat julle nie gesien word nie. Daar sal genoeg lawaai wees as hulle dalk gelukkig genoeg is om Herman Gouwer raak te loop. In daardie geval moet ons gereed wees en die prooi bereik voordat 'n menigte van die soldate op hom afstorm. Wees net versigtig," sluit hy ernstig af.
"Jy ook, Jean," antwoord die ruiter wat hy as Jacques aangespreek het.
Vinnig, maar geluidloos, trek hulle weg. Soos skimme gly die perde tussen die bosse en struike deur. Jarelange ondervinding het hulle die veld leer ken en hierdie terrein is vir hulle so bekend soos hul eienaars se agterplase.
Selfs lank voordat hy 'n geluid hoor, sien die Buiter die ry ligte teen die skuinstes van Duiwelspiek. Andre, wat die garnisoen in die Kasteel gereeld besoek, het reeds kort na die soldate se vertrek vasgestel wat hul plan is. Die bevelhebber, kaptein Redley, het maar drie maande gelede in die land aangekom nadat sy voorganger, kaptein D'Southy, bedank het omdat hy nie met De Klerck kon klaarkom nie. Redley ken die omgewing dus maar betreklik swak. Hy is gewoond aan die digbevolkte Londen en probeer dieselfde taktiek hier toepas as daar.
Toe Andre met hulle gesels het, het die troepe juis met die kaptein se bevele die gek geskeer. Redley het opdrag gegee dat 'n ry wagte van Duiwelspiek oor die vlaktes tot by die see geplaas word. Hy het as volg geredeneer. Herman Gouwer sal maar stadig vorder, aangesien hy van een skuilplek na die ander moet kruip. Die soldate is kort op sy hakke by die Kasteel uit, want sy ontsnapping is gou ontdek. Die helfte van die troepe moes dus deurjaag om stelling aan die voorkant in te neem en die ander helfte moes van agter af stelselmatig elke hoekie deursoek en die omgewing deeglik fynkam. Sodoende sal hulle Gouwer voor hulle uitdryf en vaskeer by die ketting van wagte.
Dat Gouwer op die uitgestrekte vlakte maklik tussen die soldate deur

kan ontsnap, het Redley blykbaar nie getref nie. Maar die Buiter het dit wel in gedagte gehou. Gedurende die dag sou dit dus vir hom en sy bende taamlik maklik wees om die kêrel op te spoor. Hy kon dit egter nie waag om aan te neem dat die soldate die vlugteling nie vannag sal opjaag nie. Daarom het hy sy vriende beveel om maar net op hul spoor te bly ingeval Gouwer wel raakgeloop word.

Op ’n vinnige galop ry hy tussen die bome deur. Sy grys oë glinster deur die skrefies in sy masker en om sy lippe is ’n bedaarde glimlag. Inderdaad verwag hy nie om te laat in die nag hier in die bos teen die hange van Tafelberg en Duiwelspiek te vertoef nie. Hoe Redley kan verwag om ’n enkele man in die donkerte tussen die rotse en klowe te betrap, weet hy nie. Hy kan verstaan dat die man miskien bloot ’n roetine-offisier is. Hy is beveel om die vlugteling te vang en hy sal dit probeer doen, al moet hy dit ook op watter onpraktiese manier aanpak. Nogtans, dink die Buiter, behoort dit hom darem nie te lank te neem om agter te kom dat dit ’n vrugtelose poging is nie.

Hy trek liggies aan die teuels. Hy kan nou reeds die gekraak van takkies en die gebreek van bosse voor hom hoor waar die soldate met hul swaar stewels teen die steil opdraand uitbeur. Elke tweede soldaat het ’n brandende fakkel in sy linker en ’n pistool in sy regterhand. Langs hom is ’n maat gereed met in geweer. Indien Herman Gouwer wel betrap word, sal hy nie lank lewe nie.

Van waar die gitswart ruiter op die swart hings tussen die bome deur beweeg, kan hy die gestaltes van die soldate duidelik sien in die lig van die fakkels. Hy sit gemaklik en ontspanne in die saal. Op die perd, wat reeds gedurende die afgelope jaar of wat as Rower bekend geword het, kan hy maklik op hul hakke bly sonder dat hulle van hom bewus word. Hy skuif die teuels liggies oor die hings se nek. Geluidloos beweeg hy tussen die donker boomstamme deur, in ’n parallelle lyn met die soldate. Hy besef dat die sukses van sy plan van baie faktore afhang. Indien hy met die linie af in die rigting van die vlakte beweeg en Gouwer word miskien hier bo teen die hange betrap, kan die arme kêrel doodgeskiet word lank voordat hy hom kan bereik. Hierdie moontlikheid moet hy egter aanvaar, want daar is niks wat hy daaraan kan doen nie.

’n Uur later, onderwyl die Buiter van tussen twee hoë rotsblokke na die

ligkolle en flikkerende skaduwees 'n ent voor hom kyk, krap hy sy kop ingedagte. Hy het eerlik verwag dat Redley teen hierdie tyd sou besluit het om die taak gewonne te gee en om eers weer die volgende dag met die soektog voort te gaan.

Meteens ruk hy sy kop om. 'n Entjie laer af het hy 'n harde uitroep gehoor.

"Daar gaan hy!" skreeu een van die soldate. "Skiet Bertus! Skiet man!"

'n Skoot knal. Uit verskeie rigtings kraak die bosse soos die soldate op die punt afstorm waar die skoot gevuur is. Die Buiter het met sy hakke liggies in Rower se lieste geraak en die getroue dier beweeg vinnig tussen die rotse uit en teen die skuinste af. Herman Gouwer sal êrens voor die linie soldate wees.

Jean de Moreaux glimlag. In sy gedagtes en in sy gesprek met Jacques en die ander, het hy kaptein Redley van onkunde en onnoselheid beskuldig. Nou lyk dit tog asof die man se dwase optrede vrug mag afwerp. Dikwels, dink hy, loop die slimste en beredeneerdste planne skeef en slaag die eenvoudige handeling van 'n kind of die van 'n vrou met haar onpeilbare sesde sintuig.

'n Paar tree voor hom het 'n klompie soldate met hul fakkels saamgedrom. Hulle trap tussen die bosse rond.

"Dit is omtrent hier rond waar ek hom gesien het!" roep die een soldaat uit.

"Daar is 'n paar bloedspatsels teen die bos," laat 'n ander dadelik van hom hoor.

"Hy is hier langs, in die rigting van die klofie."

Jean de Moreaux tik Rower teen sy sy. Die perd spring teen die hellings uit. Hy koers reg af op 'n kol waar daar 'n opening tussen die fakkels is. 'n Oomblik later is hy tussen die soldate se linie deur, maar noodgedwonge moes hy 'n paar oomblikke lank binne die ligkring van die fakkels beweeg.

"Daar hardloop iets tussen die bome!" skreeu 'n soldaat skrikbevange bokant hom.

"Jy's laf, man. Ek kon niks sien nie," antwoord 'n ander.

Die Buiter draai links en 'n paar tree verder bring hy die hings tot stilstand. Iewers voor hom, nie te ver nie, behoort Herman Gouwer te skuil, indien hy nie reeds aan sy wond beswyk het nie. Sy wakker oë

probeer deur die donkerte sien. Sy ore is gespits en hy probeer die geluide tussen die bome onderskei. Links van hom is daar uitroepe en die swaar knarsende voetstappe van die soldate op die klipperige grond. Bokant hom is die suising van die sagte aandwind. Tussen die blare en vlak voor hom, hoor hy meteens die geritsel van ’n droë takkie en die hygende asemhaling van iets of iemand wat vorentoe strompel.

Hy druk Rower dadelik in daardie rigting. Haastige voetstappe en liggame wat teen die struike skuur, dui aan dat die soldate vinnig nader kom. ’n Dowwe skemerte ontstaan in die donker skaduwees as die fakkels nader kom. Agter ’n bos maak die Buiter die gestalte van ’n man op die grond uit. Herman Gouwer het blykbaar alle hoop laat vaar om te ontsnap of anders is hy reeds daarmee heen, want hy lê roerloos op die grond.

Sonder aarseling kap die Buiter die swart hings hard in sy sye. Die dier spring vorentoe en binne enkele sekondes bereik hulle die man. Hy swaai uit die saal, maar voordat hy oor die stil gestalte buk, draai hy vinnig in die rigting van waar die soldate aangehardloop kom. Reeds is dit net die skaduwees van ’n paar dik boomstamme wat hom van hulle verskuil hou. Die volgende oomblik behoort hulle hom helder afgebaken in die lig te kan sien.

“Staan waar julle is!” roep hy hard en gebiedend uit. Hy kan ’n paar van hulle duidelik sien waar hulle, fakkel in die hand, verbysterd tot stilstand kom.

“Die man is gevaarlik!” roep een van hulle hardop uit. “Kaptein Redley het gesê dat hy hom tot die dood toe sal verdedig.”

“Hy is maar net een en hy is boonop ook gewond!” skree ’n ander, maar hy is een van die wat verder agtertoe tussen die bosse staan en dus geen gevaar loop om onder skoot te kom nie.

“Dit lyk asof daar ’n perd agter daardie bos staan, ’n swarte!” roep ’n ander skielik uit.

“Nou maar skiet na die ding en vind uit wat dit is,” raai een van die voorste soldate hom aan.

“Die eerste man wat sy wapen oplig, sterf!” bulder Jean de Moreaux. “Ek en my vriende kan elkeen van julle so goed sien asof dit helder daglig is. Julle doen blykbaar moeite om jul teenwoordigheid met die fakkels te beklemtoon.”

Van waar hy staan, kan hy sien hoe ’n paar van die soldate angstig na die fakkels in hul hande kyk. Blykbaar besef hulle dat hulle inderdaad volmaakte teikens uitmaak en dat hul teenstander of teenstanders, waarvan daar nou meer as net Herman Gouwer is, in die donkerte verskuil is. Meteens swaai een van hulle sy arm agtertoe en dan suis die fakkel soos ’n pyl deur die lug reguit na die boom waaragter Jean de Moreaux staan. Dit bereik nie die boom nie, maar tog verlig dit die omgewing helder en die Buiter voel daarvan oortuig dat hulle rower of ten minste ’n deel van hom agter die bos moet sien uitsteek. Reeds het hy een van die gelaaide pistole uit sy lyfband getrek. Sonder aarseling korrel hy bokant die soldate se koppe en trek die sneller.
’n Reaksie volg oombliklik daarop. Soos een man smyt die res van die troepe hul fakkels van hulle af weg. Een of twee gooi hulle sin teen hul maters vas en die paar wat as gevolg daarvan erg deurloop onder die vlamme, laat Jean sy kop skud vir hierdie onverskrokke vegters, wat ’n paar oomblikke tevore nog soos seëvierende windhonde op ’n enkele magtelose prooi afgejaag het. ’n Paar van die fakkels laat vlamme opskiet waar dit grondvat en met kurkdroë blare en takkies in aanraking kom. Binnekort sal daar ’n groot veldbrand ontstaan.
Hiervoor is die Buiter nie van plan om te wag nie. Vinnig steek hy die rokende pistool in sy lyfband terug. Van onder af kom ander soldate ook nader gehardloop en dit is moontlik dat hulle hierdie voorste verskrikte klomp dalk daarmee nuwe moed sal kry.
Hy spring agter die bos in en steek sy hande onder die bewustelose Herman Gouwer se skouerholtes in. ’n Oomblik later het hy hom soos ’n kind voor die saal, oor Rower se nek neergelê. Dan, onderwyl die hings reeds in beweging begin kom, spring hy ligvoets in die saal. Wanneer sy leersandale die stiebeuels vind, is die perd reeds ’n goeie tien tree teen die hang af.
Toe die eerste van die soldate dit waag om tussen ’n paar takkies deur te loer, na die plek van waar die stem so pas gekom het en waar hulle gemeen het dat hulle die perd gesien het, is daar niks te bespeur nie. Op verskeie plekke slaan vlamme reeds hoog teen die boomstamme uit en met die bosse langs. Die kêrels spring orent.
“Hulle is weg!” skree een. “Kom, moenie...!”
“Dis te laat!” weergalm ’n stem hard tussen die bome. “Die Buiter en

Herman Gouwer is nie meer daar nie.”
Verskrik staan hulle stil. Verdwaas stap die voorste soldaat na die bos waaragter die gewonde man gelê het. In die helder lig van die vlamme kan hy die bloedkol sien. Hy kyk op en sien die ander verbaasde gesigte rondom hom.
“Die Buiter?” fluister een.
“Bog,” begin ’n ander bang. “Waar sal die Buiter vandaan kom?”
“Die perd was gitswart...”
“En die gewonde Gouwer is weg,” sê nog ’n ander.
Perdepote klap skielik skuins onderkant hulle. Skaars het hulle in daardie rigting gedraai of ’n paar ruiters bars tussen die struike deur tot by hulle. Elkeen het ’n stormlantern in hul regterhand.
Die soldate spring op aandag. Die leier van die ruiters klim uit die saal en kyk om hom heen asof hy die posisie eers probeer opsom. Hy is fris gebou en sy ronde rooi gesig skyn rooier in die gloed van die knetterende vlamme.
“Wat gaan hier aan?” bulder hy. “Waar is hy? Julle daar, blus die vlamme. Bennett, kom jy hier!”
Op sy skerp bevele reageer die soldate dadelik. Onderwyl party wegspring en takke afbreek waarmee hulle die vlamme doodslaan, tree een haastig na vore. Hy salueer half bang vir wat nou gaan kom.
“Ja Kaptein?”
“Verduidelik bietjie wat hier aangaan!” blaf Redley.
“Ek weet nie eintlik nie,” begin die stomme Bennett benoud. “Hier...”
“Is jy gek kêrel? Wat se lawaai was dit hier en waarna het julle geskiet en waar is Gouwer?”
“Die Buiter is met hom hier weg.”
“Die Buiter?” gil Redley. “Skeer jy nou die gek, man?”
’n Paar van die ander soldate staan stadig nader. Redley se verwoede blik swaai oor hulle heen.
“Dit is waar, Kaptein,” waag een dit om by te voeg. Vlugtig verduidelik hy wat gebeur het. Redley gooi sy arms in die lug.
“Die Buiter is ’n legende!” roep hy uit. “Moet ek na die Kasteel terugkeer en hulle vertel dat ’n sprokieskarakter ’n man van vleis en bloed weggetoor het!” Maar aan hul gesigte kan hy sien dat die soldate die waarheid praat. Noodgedwonge moet hy die feite vir eers so

aanvaar.
Met ’n vloek ruk hy sy perd om en kortaf beveel hy die paar offisiere by hom om hom te volg en die oorblywende troepe om terug te gaan na hul kwartiere toe. Dadelik begin hul beweeg teen die hange af, terug na die stad.
’n Uur later stap die kaptein van die garnisoen op en af oor die tapyt voor die koloniale sekretaris se lessenaar. Dit is reeds oor elf en hy weet dat die amptenaar nie baie ingenome sal wees met sy verslag nie. Gelukkig het hy nog nie bed toe gegaan nie, anders kan sy bui selfs nog meer onplesieriger wees.
’n Middeldeur gaan skielik oop. Net vir ’n oomblik lank sien Redley die weelderige sitvertrek daarbinne. Hy hoor die gelag van De Klerck se gaste en die geklink van glasies. Dan is die deur weer toe en staan die sekretaris voor hom.
“Wel Kaptein!” roep die amptenaar uit. “Jy het hom seker gevang?”
Kaptein Redley staan op aandag en salueer, maar hy antwoord egter nie dadelik nie.
De Klerck neem ’n tree nader. Sy oë trek nou en sy lippe pers opmekaar.
“Jy het misluk?” vra-sê hy stadig. “Jy het hom nog nie raakgeloop nie?”
“Hy het verdwyn, meneer,” stotter Redley.
“Verdwyn?” Dit klink amper ’n kreet.
“Volgens ’n twintigtal betroubare manskappe,” verduidelik Redley dapper, “het ’n geheimsinnige man...” Hy aarsel vir ’n oomblik, “die Buiter het hom ontvoer.”
Die koloniale sekretaris se arms hang slap langs sy sye. Hy staar die kaptein ongelowig aan. Stadig stap hy oor die vloer en gaan agter die lessenaar sit. Sy hande rus voor hom op die gladde blad.
“Wat het gebeur?” vra hy stadig en onheilspellend.
Vinnig verduidelik Redley die gebeure. Verbaas hou hy De Klerck dop, want hierdie reaksie het hy nie verwag nie. Sodra hy ophou praat, knik die amptenaar.
“Jy kan gaan, Redley,” sê hy gedemp. “Sorg egter dat daar nog wagte aan die soek bly. Moontlik loop hulle ’n spoor raak.”
Redley salueer. Verlig swaai hy om en gaan uit. Reinhardt de Klerck se kop sak op sy hande.
“As Gouwer praat, is dit klaar met my,” mompel hy amper onhoorbaar.